



# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 1 Mei 2022

## Vanoggend

**Skrifgedeelte:** Joh 20:24-29

**Tema:** Twyfel jy ook soms?

Bybelse geloof is nie om oortuig te wees deur onomstootlike feite nie, maar om oorrampel te word deur die Persoon van Jesus Christus.

## Ons Program

### Vandag

- **Formele Erediens** om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- **Deuroffer:** Gemeente Ondersteuning 1

### Dinsdag 3 Mei

- **Normaalklas** 18:00 in die konsistorie

### Saterdag 7 Mei: Moedersdagbasaar

- Daar sal iets vir almal by ons wees. Ons hou dit op die kerkerrein (buite), met lekker **agtergrondmusiek** om 'n gesellig atmosfeer te skep.
- Jy sal behalwe al die gewone goed ook 'n **geskenk** vir jou vrou of ma vir Moedersdag kan koop. Maak seker dat jy dit bywoon.
- Daar sal ook gebraaide **sosaties** en **worsbroodjies** beskikbaar wees.
- Persone van buite mag ook **stalletjies** hê, maar dit mag nie oorvleuel met ons kostafels nie. Dit kos R50 en kan by die kerkkantoor betaal word.



### Sondag 8 Mei: Moedersdag

- **Formele Erediens** om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- **Sondagskool & Kategese**
- **Deuroffer:** Fonds vir Vrouelidmate
- Vrouebediening **Dankbaarheidsbotteltjies** word ingegee

### Ons Bybellees-program

Ons lees tans uit die boek **Psalms**. Vandag se psalm is Ps 118.



## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

#### Mei

- 1 Braam Neethling
- 2 Elizabeth Odendal
- 3 Freda Venter



### Huweliksherdenking

#### Mei

- 1 Hennie & Lucia Wessels (51j)

### Voorbidding

- Tannie Betta van der Watt is Dinsdag oorlede. Ons dink aan oom Frans en al haar geliefdes
- Die basaar van Saterdag
- Oorlog in Oekraïne
- Mense wat geraak is deur die vloedramp in KZN



### Vrouebediening: Projek vir 2de kwartaal

#### SERPE vir die SKOOL

Ons verneem dat daar heelwat mense is wat fluks brei aan die serpe. Baie dankie! Ons het veral nog bont serpe nodig vir die koshuiskinders. Dit moet asb teen 24 Junie ingegee word.

## Herderlike brief aan die Ring van Fauresmith

21 April 2022

Liewe broers en susters

Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees!

Die Ring van Fauresmith het op 5 April 2022 by Luckhoff vergader. Luckhoff-gemeente het ons baie hartlik ontvang en ons kon heerlik vergader. Al nege gemeentes het afgevaardigdes gestuur. Dit was goed om mekaar weer te kon sien. Ons het die gemeenskap van gelowiges daar beleef, en het die grootste deel van die vergadering gebruik om te praat oor die stand van die verskillende gemeentes wat die ring uitmaak.

Ons het ds Natasha du Plessis, die nuwe leraar van Luckhoff, in ons midde verwelkom. Terselfdertyd het die afwesigheid van wyle dr Carin van Schalkwyk van Philippolis ons diep getref. Ds Elize Stander van Jacobsdal het 'n beroep na Velddrif aanvaar. Haar teenwoordigheid is ook gemis.

Tans is daar dus net drie dienende leraars in die ring, t.w. dr Christo Herbst van Trompsburg, en di Jaco Thom van Petrusburg en Natasha du Plessis van Luckhoff. Jacobsdal is in die proses om 'n leraar te beroep. Die meerderheid gemeentes in die ring moet dus sonder 'n vaste leraar klaarkom, wat sy eie uitdagings bied. Die ring het kennis geneem dat me Annelie du Preez van Jacobsdal en mnr Alex Didden van Fauresmith tans as Woordbedienaars opgelei word. Sulke diensleraars kan 'n groot rol speel in gemeentes wat vakant is. Die ring het ook besluit dat daar 'n opvolgkonferensie gehou sal word om verder oor die gemeentebediening in die platteland te besin. Meer inligting hieroor sal te geleener tyd deurgegee word.

Al die gemeentes het berig dat die Covid-pandemie hulle bedrywigheede en finansies geknou het. Hoewel die streng inperkings verby is, het die kerkbywoning nog nie teruggekeer na wat dit voor die pandemie was nie. Die ring is bekommerd daarvoor dat die staak van eredienste en die oorsakel na 'n digitale bediening tydens die pandemie lidmate se gedragspatrone verander het, en dat kerkbywoning ongelukkig nie meer so 'n groot prioriteit vir baie lidmate is nie.

Ds Gerrie van Dyk van die Bybelgenootskap het die ring besoek. Hy het ringsgemeentes bedank vir die volgehoue ondersteuning vir die werk van die Bybelgenootskap. Dit is egter kommerwekkend dat die bydraes per

lidmaat oor die jare afgeneem het. Die mikpunt van R55 per lidmaat per jaar (wat die subsidiebedrag op een Bybel is) is slegs deur Fauresmith-gemeente bereik. In die ring as geheel is gemiddeld net R14,42 per lidmaat ontvang. Sonder hierdie subsidie sal Bybels vir baie mense onbekostigbaar word. Die ring moedig gemeentes aan om as ideaal 'n mikpunt van R55 per lidmaat te stel. Die Bybelgenootskap se nuutste Afrikaanse Bybel, die 2020-vertaling, is gratis beskikbaar op slimfone en rekenars via die Bybelgenootskap se "Bible SA"

toepassing, en lidmate word aangemoedig om dit af te laai en te gebruik.

Ons bid julle die seën van die Here toe. Mag Hy, die opgestane, lewende Here en die Koning van die kerk, julle deur sy Gees rig en bewaar.

Ds Jaco Thom

namens die ringskommissie (dr Christo Herbst, di Natasha du Plessis en Jaco Thom)

**SLUIT BY ONS AAN!**

# MANNE AAND

**KARIBU GASTEHUIS  
PETRUSBURG**  
Veiling  
Wild | Wyn | Vleis

Spit ete @R150 per persoon  
Kontak 076 128 6998 vir bespreking

Vrydag | 18:00  
**13DE**  
Mei 2022

NG KERK PETRUSBURG

---

Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 [jaco@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za)  
Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 [ngkpetrusburg@gmail.com](mailto:ngkpetrusburg@gmail.com)  
Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 [elmien@ngkerkpetrusburg.co.za](mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za)  
Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 [annamarie.dercksen@yahoo.com](mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com)  
Webwerf [www.ngkerkpetrusburg.co.za](http://www.ngkerkpetrusburg.co.za) *facebook* [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)  
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00  
Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001